Ontmoeting 19

Skyn, skyn, skyn!

Die kinders hoor dat hulle Jesus se liefde moet wys vir ander.

Teks: Matteus 5:14-16; Lukas 8:16; 11:33

Hulpmiddels:
- Flitslig of lamp
- Items wat weggesteek kan word (bv. ‘n appel, ‘n sagte speelding en ‘n groterige lamp of lig)
- Skêre
- Groot boks
- Gekleurde papier
- Pypskoonmakers
- Gom
- Swart karton
- Sneespapier (tissue paper) in geel, oranje en rooi
- Kramdrukker en krammetjies

WELKOM

- Gee die groep 10 tellings om in die vertrek waar julle bymekaarkom, weg te kruip. Party kinders sal hulself probeer verskans, maar almal gaan nie sommer ‘n wegkruipplekkie kry nie. Soms kan ‘n mens iets nie wegsteek nie.
- Indien jy in ’n vertrek is wat jy donker kan maak, speel die volgende speletjie: Vang die lig. In ‘n donker/ skemer vertrek, gebruik ‘n sterk flitslig om iewers in die vertrek ‘n kol lig te laat skyn. Die kinders moet dan hardloop en ‘n hand of voet op die ligstraal probeer kry. Sit die flits af, beweeg die flits in ‘n ander rigting en sit dit weer aan.
- Wegsteek: Gee aan die groep iets kleins om weg te steek. Jy as aanbieder draai jou rug vir 10 tellings en hulle kry kans om die item (bv. ‘n appel) weg te steek. Probeer raai waar die item is. Gee nou vir die groep iets groters om weg te steek soos ‘n sagte speelding. (Jy kan reëls maak wat pas by jou omgewing of lokaal soos dat niemand uit die vertrek mag beweeg nie, niemand mag binne in die kaste krap nie, ens.) Probeer weer raai waar hulle die item weggesteek het. Haal nou ‘n groot bedlampie/staanlamp of tekening van ‘n lamp uit en gee hulle net 5 tellings om dit weg te steek!

WYDING

Sing: “This little light of mine” – Listener kids (https://www.youtube.com/watch?v=cKkbIZtqhyQ)

Sing daarna die **temalied** en doen die **stilword-gebed** soos by ontmoeting 15.

WOORD

Plaas vooraf ‘n bedlampie of flits binne-in ‘n boks. Die boks kan bo-oor die lampie of flits staan. Maak ‘n gat aan een van die kante van die boks en plak ‘n stukkie lap vas sodat dit bo-oor die opening hang. Gee die kinders die geleentheid om hul hande binne-in die boks te druk en te voel wat daar binne is. Hulle kan raai wat hulle dink binne-in die boks is. Hulle moet dit nie uithaal nie. Wanneer hulle geraai het wat dit is, kan julle gesels waarvoor lig alles nodig is.

- Plante het sonlig nodig om te groei en suurstof te maak.
- Diere en mense het sonlig nodig om te oorleef.
- In lande waar die son min skyn, het mense spesiale lampe in hul huise wat lig maak wat vir hulle vitamiene D gee. Mense wat nie genoeg sonlig kry nie, se velle raak deurskynend en hulle hare raak ‘n snaakse kleur.
- God ons Vader het die aarde so gemaak dat daar net genoeg lig elke dag skyn sodat ons kan lewe sonder om te warm of te koud te kry.
- Lig maak dat ‘n mens nie bang hoef te wees in die donker nie. Lig maak dat ons nie ons tone stamp as ons iewers in die nag loop nie.

Sit die lig aan, maar hou die lamp of flits binne-in die boks. Wys dat jy nou baie trots is op jouself dat jy die lig aangesit het. Vra die kinders of hulle nou die lig wat skyn, kan sien. Laat hulle jou oortuig dat hulle die lig nie kan sien nie. Haal nou die boks van die lamp of flits af sodat almal die lig kan sien.

Jesus het iets baie moois gesê oor ons mense en lig. Kom ons kyk wat staan in die Bybel in Matteus 5:14-16:

“Julle is vir die wêreld soos lig wat skyn. As ‘n stad bo-op ‘n berg lê, kan al die mense die stad sien. So steek ‘n mens ook nie ‘n lamp op en maak dit dan toe met ‘n emmer nie. Nee, ‘n mens sit ‘n lamp op die lampstaander en die lig skyn sodat almal in die huis kan sien. So moet die mense ook julle lig kan sien. Hulle moet sien julle lewe reg. Dan sal hulle ook julle Vader prys wat in die hemel is.”

Wie van julle het al in die aand gery op ‘n donker pad? As ‘n mens op ‘n stil pad ry en jy kom nader aan ‘n dorp, maak die liggies van die dorp ‘n helder glans wat ‘n mens van ver af kan sien. ‘n Mens kan nie ‘n stad wegsteek nie. (Indien julle internet-toegang het, wys vir die kinders hoe die aarde van ver af in die nag lyk met al die liggies wat brand.)

En hoekom sal ‘n mens dan nou lig mors deur dit aan te steek en dan weg te steek?

Jesus het hierdie voorbeeld vir ons gegee om vir ons te wys dat ons ‘n spesiale opdrag het. Ons lees in die Bybel dat Jesus die lig vir die wêreld geword het. Jesus het ons kom red, ons kom genees en ons kom help. Maar ons moet ook nou vir die wêreld wees soos ‘n lig wat nie weggesteek kan word nie.

Net soos lig deur ‘n venster skyn, moet ons soos ‘n venster wees waardeur mense kan sien wie Jesus is.

Die kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder hoe dit jou laat voel om te weet dat jy lig vir die wêreld kan wees.
3. Ek wonder of jy kan dink aan plekke in ons land of dorp waar dit donker is sonder Jesus se liefde.
4. Ek wonder op watter maniere jy Jesus se lig vir ander kan wys.

WERSKAF

- Gebruik groen, geel, rooi en wit papier om ‘n kersblaker te maak. Die groen papier word in sirkels geknip, twee rooi stroke papier word oormekaar gevou om ‘n konsertina te maak. Geel papier word soos vlamme uitgeknip met ‘n kleiner wit vlammetjie binne. Plak alles aanmekaar vas, maak ‘n gleufie aan die bokant van die rooi konsertina vormpie en steek die vlammetjie binne-in vas.
- Druk die teksvers, Matteus 5:14 se eerste reël, uit op geel papier en vou dit in ‘n sirkel en gom of kram saam. Daar sal 3 teksverse op ‘n bladsy pas. Neem nou ‘n ander kleur A4-papier en sny dit in die middel deur. Vou elke halwe bladsy in die helfte en sny 1 cm kepe oor die vou. Vou die papier weer oop, vou dit in ‘n sirkel om die geel opgerolde versie en kram of gom vas. Heg ‘n pypskoonmaker aan die bo en onderpunt van die lampie vas as ‘n handvatsel.
- Neem swart karton en knip vierkantige en reghoekige blokkies uit sodat dit soos ‘n venster lyk. Versier die venster opening met stukkies sneespapier of sellofaan om vensters te vorm.

Seënbede:

Eindig met die volgende storie:

Baie jare terug wanneer ‘n vreemdeling in ‘n dorpie gekom het in die nag en ‘n veilige plek gesoek het, het hy in die donker dorpie gesoek vir ‘n liggie wat brand. ‘n Kersie of lampie wat in ‘n vensterbank gegloei het, was ‘n teken dat daar binne die huis iemand was wat jou sou innooi, kos en ‘n slaapplekkie vir die nag sou gee.

Dit is so ‘n mooi beeld van wat Jesus van ons vra. Ons moet ook soos lig wees wat vir mense wys dat hulle welkom is by ons, dat ons sal help waar ons kan en so sal wys dat ons God se kinders is.
Kom ons hou elkeen ons liggie wat ons gemaak het hoog vas en sê die volgende gebed saam:
Liewe Here, dankie dat U die Lig vir die wêreld is. Help ons om ook lig te wees vir ander om ons. Amen.

Julle is vir die wêreld soos lig wat skyn.
Matteus 5:14